NASIONALE OPVOEDING
AMPTELIK
OFFISIAL
NATIONAL

# OFFICIAL GAZETTE

## OF SOUTH WEST AFRICA

# OFFISIËLE KOERANT

## VAN SUIDWES-AFRIKA

**PUBLISHED BY AUTHORITY** — **UITGAWE OP GESAG**

30c | Friday 1 February 1985 | **WINDHOEK** | Vrydag 1 Februarie 1985 | No. 5000

## CONTENTS:

*Page*

### GOVERNMENT NOTICES

No. AG. 16 Declaration of person to be a duly elected member of the Legislative Assembly of the Coloureds 2

No. AG. 17 Deviation of a portion of district road 1825: District of Gobabis 2

No. AG. 18 Request that a road be declared a proclaimed farm road: District of Damaraland 3

No. AG. 19 Road Traffic Ordinance, 1967: Amendment of Government Notice AG. 1 of 1984 4

### GENERAL NOTICES

No. 17 Village Management Board of Leonardville: Amendment of model water supply regulations 4

No. 18 Village Management Board of Gochas: Amendment of sanitation regulations 5

No. 19 Municipality of Swakopmund: Amendment of Native location regulations 5

No. 20 Municipality of Windhoek: Amendment of water supply regulations 6

No. 21 Municipality of Otavi: Amendment of health regulations 6

No. 22 Windhoek: Amendment of Scheme 4 7

No. 23 City of Windhoek: Permanent closing of all public open spaces in Katutura and Katutura Extensions 8

## INHOUD:

*Bladsy*

### GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

Nr. 16 Verklaring van persoon tot behoorlik verkose lid van die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge 2

Nr. 17 Verlegging van 'n gedeelte van distrikspad 1825: Distrik Gobabis 2

Nr. 18 Versoek dat 'n pad tot geproklameerde plaaspad verklaar moet word: Distrik Damaraland 3

Nr. 19 Ordonnansie op Padvervoer 1967: Wysiging van Goewermentskennisgewing AG. 1 van 1984 4

### ALGEMENE KENNISGEWINGS

Nr. 17 Dorpsbestuur van Leonardville: Wysiging van model waterleweringsregulasies 4

Nr. 18 Dorpsbestuur van Gochas: Wysiging van sanitasieregulasies 5

Nr. 19 Munisipaliteit Swakopmund: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies 5

Nr. 20 Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van waterleweringsregulasies 6

Nr. 21 Munisipaliteit Otavi: Wysiging van gesondheidsregulasies 6

Nr. 22 Windhoek: Wysigingskema Nr. 4 7

Nr. 23 Stad Windhoek: Permanente sluiting van openbare ruimtes in Katutura en Katutura Uitbreidings 8

# Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. AG. 16 1985

## DECLARATION OF PERSON TO BE A DULY ELECTED MEMBER OF THE LEGISLATIVE ASSEMBLY OF THE COLOUREDS

In terms of section 2(2) of the Party List Elections Amendment Proclamation, 1981 (Proclamation AG. 24 of 1981), I hereby make known that by virtue of the direction contained in Proclamation AG. 1 of 1985 I have on 3 January 1985 declared Robert Francis Walters to be a duly elected member of the Legislative Assembly of the Coloureds with effect from the said date.

S.J. VAN NIEKERK
Chief Electoral Officer Windhoek, 3 January 1985

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 17 1985

## DEVIATION OF A PORTION OF DISTRICT ROAD 1825: DISTRICT OF GOBABIS

In terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Administrator-General has, under section 22(1)(c) of the said Ordinance in the district of Gobabis deviated the portion of district road 1825 described in paragraph (a) of the Schedule and shown on sketch-map P1200 by the symbols B-C from the route described in the said paragraph (a) and so shown, to the route described in paragraph (b) of the Schedule and shown on sketch-map P1200 by the symbols B-D-E.

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

# Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

Nr. AG. 16 1985

## VERKLARINGS VAN PERSOON TOT BEHOORLIK VERKOSE LID VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING VAN DIE KLEURLINGE

Ingevolge artikel 2(2) van die Partylysverkiesingswysigingsproklamasie, 1981 (Proklamasie AG. 24 van 1981), maak ek hierby bekend dat ek Robert Francis Walters op 3 Januarie 1985 uit hoofde van die lasgewing vervat in Proklamasie AG. 1 van 1985 tot behoorlik verkose lid van die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge verklaar het met ingang van genoemde datum.

S.J. VAN NIEKERK
Hoofverkiesingsbeampte Windhoek, 3 Januarie 1985

DEPARTEMENT VAN VERVOER

Nr. AG. 17 1985

## VERLEGGING VAN 'N GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 1825: DISTRIK GOBABIS

Ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 22(1)(c) van genoemde Ordonnansie in die distrik Gobabis die gedeelte van distrikspad 1825 wat in paragraaf (a) van die Bylae beskryf en deur die simbole B-C op sketskaart P1200 aangetoon word, verlê het van die roete beskryf in genoemde paragraaf (a) en aldus aangetoon word, na die roete wat in paragraaf (b) van die Bylae beskryf en deur die simbole B-D-E op sketskaart P1200 aangetoon word.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

SCHEDULE

(a) From a point (B on sketch-map P1200) on farm 445 generally eastwards across the said farm and the farms Sterkfontein 944, Remainder of Volstruiswerf 513, farm 511, farm 933, Remainder of farm 447, Portion 2 of farm 447 and Portion 1 (Rooiduin) of farm 447 to a point (C on sketch-map P1200) on the common boundary of the last-mentioned farm and farm 854 situated in that portion of the district of Hereroland known as Hereroland East Area I which is also the common boundary of the district of Gobabis and that portion of the district of Hereroland known as Hereroland East Area I.

(b) From a point (B on sketch-map P1200) on farm 445 generally north-eastwards across the said farm to a point (D on sketch-map P1200) on the said farm; thence generally eastwards across farm 445 and the farms Sterkfontein 944, Portion 1 (Die Vlakte) of Volstruiswerf 513, farm 511, Alkmar 512 and Remainder of farm 447 to a point (E on sketch-map P1200) on the common boundary of the last-mentioned farm and farm 849 situated in that portion of the district of Hereroland known as Hereroland East Area I which is also the common boundary of the district of Gobabis and that portion of the district of Hereroland known as Hereroland East Area I.

BYLAE

(a) Van 'n punt (B op sketskaart P1200) op plaas 445 algemeen ooswaarts oor genoemde plaas en die plase Sterkfontein 944, Restant van Volstruiswerf 513, plaas 511, plaas 933, Restant van plaas 447, Gedeelte 2 van plaas 447 en Gedeelte 1 (Rooiduin) van plaas 447 tot op 'n punt (C op sketskaart P1200) op die gemeenskaplike grens van laasgenoemde plaas en plaas 854 geleë in daardie gedeelte van die distrik Hereroland wat bekend staan as Hereroland Oos Gebied I, wat ook die gemeenskaplike grens is van die distrik Gobabis en daardie gedeelte van die distrik Hereroland wat bekend staan as Hereroland Oos Gebied I.

(b) Van 'n punt (B op sketskaart P1200) op plaas 445 algemeen noordooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (D op sketskaart P1200) op genoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts oor plaas 445 en die plase Sterkfontein 944, Gedeelte 1 (Die Vlakte) van Volstruiswerf 513, plaas 511, Alkmar 512 en Restant van plaas 447 tot op 'n punt (E op sketskaart P1200) op die gemeenskaplike grens van laasgenoemde plaas en plaas 849 geleë in daardie gedeelte van die distrik Hereroland wat bekend staan as Hereroland Oos Gebied I, wat ook die gemeenskaplike grens is van die distrik Gobabis en daardie gedeelte van die distrik Hereroland wat bekend staan as Hereroland Oos Gebied I.

---

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 18 1985

## REQUEST THAT A ROAD BE DECLARED A PROCLAIMED FARM ROAD: DISTRICT OF DAMARALAND

In terms of section 17(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Roads Board of Damaraland requests that the road described in the Schedule and shown on sketch-map P1239 by the symbols A-B-C, be declared a proclaimed farm road.

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the request refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned below lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Kamanjab, during normal office hours.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

Nr. AG. 18 1985

## VERSOEK DAT 'N PAD TOT GEPROKLAMEERDE PLAASPAD VERKLAAR MOET WORD: DISTRIK DAMARALAND

Ingevolge artikel 17(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Damaraland versoek dat die pad wat in die Bylae beskryf en deur die simbole A-B-C op sketskaart P1239 aangetoon word, tot geproklameerde plaaspad verklaar moet word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Kamanjab, ter insae beskikbaar wees.

Every person having any objection to the above-mentioned request, is hereby commanded to lodge his objections in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1239) on district road 2650 on the farm Estorff 600 generally south-south-westwards across the said farm and the farm Leeukop 664 to a point (B on sketch-map P1239) on the last-mentioned farm; thence generally south-south-eastwards across the farms Leeukop 664 and Kuyper 666 to a point (C on sketch-map P1239) on district road 2650 on the last-mentioned farm.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek word hiermee aangesê om sy besware, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P 1239) op distrikspad 2650 op die plaas Estorff 600 algemeen suidsuidweswaarts oor genoemde plaas en die plaas Leeukop 664 tot op 'n punt (B op sketskaart P1239) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen suidsuidooswaarts oor die plase Leeukop 664 en Kuyper 666 tot op 'n punt (C op sketskaart P1239) op distrikspad 2650 op laasgenoemde plaas.

---

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 19 1985

ROAD TRAFFIC ORDINANCE, 1967: AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE AG. 1 OF 1984

Under section 180 of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967), I hereby amend Government Notice AG. 1 of 1984 by the substitution in paragraph (b) for the expression "P901.430" of the expression "P909.702".

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 8 January 1985

DEPARTEMENT VAN VERVOER

Nr. AG. 19 1985

ORDONNANSIE OP PADVERKEER 1967: WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING AG. 1 VAN 1984

Kragtens artikel 180 van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) wysig ek hierby Goewermentskennisgewing AG. 1 van 1984 deur in paragraaf (b) die uitdrukking "P901.430" deur die uitdrukking "P909.702" te vervang.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 8 Januarie 1985

---

# General Notices

# Algemene Kennisgewings

No. 17 1985

VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF LEONARDVILLE: AMENDMENT OF MODEL WATER SUPPLY REGULATIONS

The Village Management Board of Leonardville has under section 15(5) of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963), further amended the Model Water Supply Regulations for Village Management Boards promulgated under Government Notice 47

Nr. 17 1985

DORPSBESTUUR VAN LEONARDVILLE: WYSIGING VAN MODEL WATERLEWERINGSREGULASIES

Die Dorpsbestuur van Leonardville het kragtens artikel 15(5) van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) die Modelregulasies op Waterlewering vir Dorpsbesture afgekondig by Goewermentskennisgewing 47 van 1965 en op die Dorpsbestuursgebied van Leonard-

of 1965 and applied to the Village Management Board Area of Leonardville by Government Notice 105 of 1966, as amended, by the substitution in item 1 of Schedule B for the amounts "R0,53" and "R5,30" of the amounts "R0,57" and "R5,70", respectively.

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 14(2) of the said Village Management Boards Ordinance, 1963.

ville van toepassing gemaak by Goewermentskennisgewing 105 van 1966, soos gewysig, verder gewysig deur in item 1 van Bylaag B die bedrae "R0,53" en "R5,30" deur, onderskeidelik, die bedrae "R0,57" en "R5,70" te vervang.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 14(2) van genoemde Ordonnansie op Dorpsbesture 1963.

No. 18 1985

## VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF GOCHAS: AMENDMENT OF SANITATION REGULATIONS

The Village Management Board of Gochas has under section 14(1) of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963), further amended the regulations promulgated under Government Notice 184 of 1959, as amended, as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 14(2) of the said Village Management Boards Ordinance, 1963.

### SCHEDULE

Schedule A is hereby amended -

(a) by the substitution in item (a) for the amount "R2,50" of the amount "R3,75"; and

(b) by the substitution in item (c) for the amount "R2,00" of the amount "R4,00".

Nr. 18 1985

## DORPSBESTUUR VAN GOCHAS: WYSIGING VAN SANITASIEREGULASIES

Die Dorpsbestuur van Gochas het kragtens artikel 14(1) van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 184 van 1959, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 14(2) van genoemde Ordonnansie op Dorpsbesture 1963.

### BYLAE

Bylae A word hierby gewysig -

(a) deur in item (a) die bedrag "R2,50" deur die bedrag "R3,75" te vervang; en

(b) deur in item (c) die bedrag "R2,00" deur die bedrag "R4,00" te vervang.

No. 19 1985

## MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND: AMENDMENT OF NATIVE LOCATION REGULATIONS

The council of the Municipality of Swakopmund has under section 32(2) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), further amended the regulations promulgated under Government Notice 206 of 1962, as amended, as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 32(4) of the said Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951.

Nr. 19 1985

## MUNISIPALITEIT SWAKOPMUND: WYSIGING VAN INBOORLINGLOKASIE-REGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Swakopmund het kragtens artikel 32(2) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 56 van 1951) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 206 van 1962, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 32(4) van genoemde Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951.

SCHEDULE

Schedule V is hereby amended -

(a) by the substitution in item 2 for the amount "R280,00" of the amount "R308,00";

(b) by the substituion in item 7 for the amount "R2,50", wherever it occurs, of the amount "R2,80" and for the amounts "R0,20" and "R14,00" of the amounts "R0,22" and "R15,70", respectively; and

(c) by the substitution in item 8 for the amount "R23,00" of the amount "R25,30".

BYLAE

Bylae V word hierby gewysig -

(a) deur in item 2 die bedrag "R280,00" deur die bedrag "R308,00" te vervang;

(b) deur in item 7 die bedrag "R2,50" oral waar dit voorkom deur die bedrag "R2,80" en die bedrae "R0,20" en "R14,00", deur, onderskeidelik, die bedrae "R0,22" en "R15,70" te vervang; en

(c) deur in item 8 die bedrag "R23,00" deur die bedrag "R25,30" te vervang.

No. 20 1985

MUNICIPALITY OF WINDHOEK: AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS

The council of the Municipality of Windhoek has under Section 242 of the Muncipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the regulations promulgated under Government Notice 138 of 1973, as amended, by the substitution in item 2 of Annexure A for the amount "R0,58" of the amount "R0,64".

The said amendment has been approved by the Administrator-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

Nr. 20 1985

MUNISIPALITEIT WINDHOEK: WYSIGING VAN WATERLEWERINGSREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Windhoek het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 138 van 1973, soos gewysig, verder gewysig, deur in item 2 van Aanhangsel A die bedrag "R0,58" deur die bedrag "R0,64" te vervang.

Genoemde wysiging is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie.

No. 21 1985

MUNICIPALITY OF OTAVI: AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS

The council of the Municipality of Otavi has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the regulations promulgated under Government Notice 193 of 1956, as amended, as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

SCHEDULE

1. The following Schedule is hereby substituted for Schedule A;

Nr. 21 1985

MUNISIPALITEIT OTAVI: WYSIGING VAN GESONDHEIDSREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Otavi het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 193 van 1956, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

BYLAE

1. Bylae A word hierby deur die volgende Bylae vervang:

" SCHEDULE A

SANITARY SERVICES

| | |
|---|---|
| (a) For the removal of nightsoil, three times per week, per nightsoil pail per month or part of a month | R6,00 |
| (b) For the removal of slopwater, per load of 5 000 litres or part thereof | R5,00". |

2. The following Schedule is hereby substituted for Schedule B:

" SCHEDULE B

REFUSE

| | |
|---|---|
| (a) For the removal of domestic refuse once per week per receptacle referred to in regulation 1(a) of Chapter VI, per month or part of a month | R3,00 |
| (b) For the removal of other refuse and manure, the tariff shall be determined by mutual agreement. | |
| (c) For the removal of carcases: | |
| (i) Large stock, per carcase | R2,00 |
| (ii) Small stock, dogs and cats, per carcase | R1,00". |

" BYLAE A

SANITASIEDIENSTE

| | |
|---|---|
| (a) Vir die verwydering van nagvuil drie keer per week, per nagvuil emmer per maand of gedeelte van 'n maand | R6,00 |
| (b) Vir die verwydering van spoelwater, per vrag van 5 000 liters of gedeelte daarvan | R5,00". |

2. Bylae B word hierby deur die volgende Bylae vervang:

" BYLAE B

VULLIS

| | |
|---|---|
| (a) Vir die verwydering van huisvullis eenmaal per week, per vullishouer in regulasie 1(a) van Hoofstuk VI bedoel per maand of gedeelte van 'n maand | R3,00 |
| (b) Vir die verwydering van ander vullis en mis, moet die tarief deur onderlinge ooreenkoms bepaal word | |
| (c) Vir die verwydering van karkasse: | |
| (i) Grootvee, per karkas | R2,00 |
| (ii) Kleinvee, honde en katte, per karkas | R1,00". |

---

No. 22 1985

WINDHOEK: AMENDMENT SCHEME NO. 4

Notice is hereby given in terms of Section 23 of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) that the Amendment Scheme no. 4 of Windhoek has been submitted to the Administrator-General for approval.

Copies of the Amendment Scheme no. 4 and of the maps, plans, documents and other relevant matters are lying for inspection during office hours at the Windhoek Municipal Building and also in Room 514 of the Grand Centre Building, Windhoek.

Nr. 22 1985

WINDHOEK: WYSIGINGSKEMA NR. 4

Kennisgewing geskied hierby kragtens Artikel 23 van die Dorpsbeplanningordonnansie, 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) dat die Windhoekse Wysigingskema nr. 4 ter goedkeuring aan die Administrateur-generaal voorgelê is.

Eksemplare van die Wysigingskema nr. 4 en van die kaarte, planne, dokumente en ander verbandhoudende sake lê gedurende kantoorure by die Munisipale kantore te Windhoek sowel as in die kamer 514 van die Grand Centre-gebou, Windhoek, ter insae.

Any person who wishes to object to the approval of the Amendment Scheme no. 4 should lodge his objections in writing to the Secretary, South West African Planning Advisory Board, Private Bag 12025, Ausspannplatz, before or on 18 March 1985.

Elkeen wat beswaar het teen die Wysigingskema nr. 4 moet sy besware skriftelik voor of op 18 Maart 1985 by die Sekretaris, Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, Privaatsak 12025, Ausspannplatz indien.

---

No. 23 1985

CITY OF WINDHOEK

PERMANENT CLOSING OF ALL PUBLIC OPEN SPACES IN KATUTURA AND KATUTURA EXTENSIONS

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963, (Ordinance no. 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan P/1522/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 709, Municipal Offices, Kaiser Street:

All open spaces in Katutura and Katutura Extensions.

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P.O. Box 59, Windhoek.

W J KOTZÉ
TOWN CLERK

Nr. 23 1985

STAD WINDHOEK

PERMANENTE SLUTING VAN OPENBARE OOP RUIMTES IN KATUTURA EN KATUTURA UITBREIDINGS

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P/1522/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 709, Stadhuis, Kaiserstraat ter insae lê, permanent te sluit:

Alle oop ruimtes in Katutura en Katutura Uitbreidings

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 183 (3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

W J KOTZÉ
STADSKLERK

---

Printed and obtainable from
SWAPERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur en verkrygbaar by
SWAPERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika